

2 Julie

1 Konings 17:1-24, (Teks: 17:18, 24)

***Die Here bring niks oor ons wat sy eer aantast nie***

God doen nooit iets wat sy eie eer aantast nie. Elia is bekommerd dat dit besig is om hier te gebeur. Die Here het 'n groot droogte oor die land gebring. Dit was oor die afgodery van die volk. Hulle het dit verdien. Nou bring die Here ook onheil oor hierdie weduwee. Haar kind sterf. En sy staan dan in diens van die Here! Sê nou net die vrou draai haar rug op God? Laat ons maar eerlik wees: Soms dink 'n mens dat die Here besig is om sy eie eer aan te tas in dit wat Hy met my laat gebeur: Siekte, werkloosheid, finansiële nood, of die grootste teleurstelling! Ek sien ook hoe rampe, siekte, ongelukke en teleurstellings ander mense tref. Sê nou hulle draai hulle rug op God! Dit is egter net mense wat God se eer aantast met dit wat hulle doen en sê. Alles wat God doen is tot sy eie eer, ALLES! Uiteindelik erken hierdie weduwee sy grootheid. Toe Christus gebore is sing die engele: "*Ere aan God in die hoogste!*" Maar wat het sy aardse lewe anders vir Hom gebring as lyding, veragting, hartseer, bespotting en die dood uiteindelik? Hoe kan ons God se eer daarin sien? God se eer word gehandhaaf as miljoene gered word deur die Man van Smarte. In elke mens wat tot geloof kom se lewe word God verheerlik. Oor elke sondaar wat hom bekeer is daar vreugde in die hemel - 'n oorwinning van die lig oor die duisternis. Nou sit Hy aan die regterhand van God - 'n ereposisie! Die kruise hier op aarde op jou pad is kruise op 'n pad van heiligmaking. Dit is God se grootmaakpad, sy suiweringspad, sy regte pad vir jou wat op verheerliking uitloop. As jou sogenaamde ankers in die lewe begin wankel, dan word jou geloof opnuut opgewek om aan Hom, jou rots, vas te hou. Dan ontvang Hy sy eer. Soms laat die Here toe dat jy groot nood en pyn ervaar om jou weer op wonderbaarlike wyse te genees en te herstel sodat jy soos hierdie weduwee van Sarfat Hom daarvoor kan loof. Dan ontvang Hy sy eer.

Sing: Psalm 42:6,7

Ds. P.H. Fick (Springs)